Nuwe intrekkers

Ons verwelkom graag nuwe intrekkers in ons Omgeegeeente.

Prosedure vir aansluiting: Voltooi asb. die ***nuwe intrekkersvorm*** wat in die kerk se portale beskikbaar is, of op ons gemeente se webtuiste by: https://ngkerksomersetwes.co.za/, sodat ons jou inligting op die stelsel kan insleutel en jou attestaat van die vorige gemeente kan aanvra. Gooi sommer jou voltooide vorm die volgende Sondag in die kollektebord of epos dié vorm na Liesle by ngsomerset@mweb.co.za.

Kuiergaste & besoekers wat nog oorweeg of hul wil inskakel, kan die besoekerkaartjies voltooi wat ook in die kerk se portale beskikbaar sal wees en dit in die kollektebord gooi. Ons gasvryheidsspan wil jou/julle graag ontmoet. ***Ons nooi dus alle nuwe intrekkers, besoekers en kuiergaste om na elke erediens te kom tee drink in KOSMOS in die kerksaal.***

*Daar word 1 x per kwartaal op dieselfde Sondag as nagmaal (sien kerkkalender in dié verband), 'n tee spesiaal net vir **nuwe intrekkers** aangebied in PATMOS, in die kerksaal. Tydens hierdie geleentheid gee ds Johan 'n vinnige oorsig oor die gemeente se samestelling, aksies en werksaamhede. Jy is genooi!*